# St. Johannes Paulus II

# 22 Oktober



(1920-2005)

Toe hierdie Poolse kardinaal in 1978 pous verkies word, was hy die eerste nie-Italiaanse pous in 455 jaar. In sy eerste homilie as pous het hy verklaar: “Maak die deure wyd oop vir Christus!”, en dit het as’t ware die tema van sy merkwaardige pontifikaat geword. Hy het groot geword in kommunistiese Pole en het self ’n deurslag-gewende rol gespeel by die val die goddelose kommunistiese diktatorskappe in Oos-Europa. Hy het pastorale besoeke aan 124 lande gebring en talle ekumeniese en intergeloof inisiatiewe op die been gebring. In sy 27 jaar as pous het hy 14 ensiklieke en vyf boeke geskryf en die Wêreldjeugdae begin, wat nog steeds miljoene jongmense bymekaarbring. Hy was inderdaad ‘n ‘getuie van hoop’ soos hy homself beskryf het tydens sy toespraak aan die Verenigde Volke Organisasie in 1995. Die Groot Jubeljaar van 2000 was ’n hoogtepunt en selfs toe hy Parkinson-siekte gekry het en sy kragte sigbaar afgeneem het, het hy ’n wêreldfiguur van formaat en by uitstek dié spreekbuis van die Christendom gebly.

© Die Oratorium Uitgewery